

Spanning tussen BRICS-lande bou op **Is die einde van die alliansie in sig?**

Berig deur Dolf Buitendach

Groot spanning is aan die opbou tussen die lande in die BRICS-alliansie. Die plofpunt in die verhouding sal oor handelsooreenkomste wees.

Die BRICS-alliansie bestaan uit Brasilië, Rusland, Indië, Sjina (China) en Suid-Afrika. Al vyf hierdie lande het geld in die alliansie belê. BRICS het 'n hoofkantoor en saam verteenwoordig die BRICS-lande 30% van die wêreldhandel. As lid van die alliansie het hierdie vyf lande voordeel tot handel met mekaar.

Suid-Afrika (as Afrika-land) is uit die aard van die saak die kleinste in die alliansie en word allerweë as gelukkig beskou om deel te kan wees. Suid-Afrika word dus as die liggewig van die vyf lande-alliansie beskou.

Die uitbreek van die korona-virus het wêreldwyd ernstige nadelige ekonomiese gevolge veroorsaak. COVID-19 het die wêreld verander. Daar word tans nuwe alliansies tussen lande gevorm met ingrypende gevolge. As gevolg van die virus het verskeie lande met regseise teen Sjina begin. 'n Ingrypende verandering is dat wêreldlande opnuut twee kampe begin vorm het: aan die een kant die VSA en sy bondgenote, en aan die ander kant die Sjina-alliansie.

Dit is hierdie nuwe verdeling wat die spanning opbou en die voortbestaan van die BRICS-alliansie bedreig.

Die manier waarop Sjina sy COVID-19 pandemie na die wêreld uitgevoer het, het vir Sjina baie vyande geskep. Toe lande eis dat die saak ondersoek moet

word, het Sjina begin om sodanige lande te dreig. Australië is een van die lande wat ekonomies gedreig is.

Die druk op die Sjinese regering het ook onder sy inwoners begin toeneem. Sjina moes 'n uitweg vind om die aandag af te lei. Die CCP-regering (China Communist Party) het die bevolking meegedeel dat hulle hulle moet voorberei vir 'n oorlogstoestand.

Die CCP het ook besluit om hulle ooreenkoms wat in 1997 met Brittanje gesluit is en bepaal dat Hong Kong seggenskap oor sy eie sake sal hê en vir 50 jaar 'n kapitalistiese stelsel sal hê, in te kort. Sjina het ook meer aggressief geraak in die Suid-Sjinese See (SSS). Daar is verskeie lande in die SSS-gebied met heelwat klein eilande waarop die onderskeie lande eienaarskap opeis. Die Verenigde Nasies het voorheen uitspraak gegee dat elkeen van die lande in dié gebied eienaarskap tot 'n sekere afstand van die landsgrense af het. Dié lande is Viëtnam, Filippyne, Taiwan, Maleisië, Brunei en Japan. Die VN-besluit van 1982 gee seeregte aan lande binne hulle onderskeie gebiede. Sjina weier om dit te aanvaar en beweer dat hy historiese regte op die eilande het. Intussen het Sjina militêre basisse op verskeie eilande gevestig. Dit sluit ook waarnemingsapparaat in.

Hierdie lande voel al hoe meer bedreig en begin nou dreig dat hulle Sjina se optrede as 'n oorlogsverklaring ervaar en hulle gaan verdedig. Japan het sopas 'n eiland in sy SSS-gebied oorgeneem en is besig om dit saam met die VSA as 'n militêre basis in te rig.

Sjina dreig om Taiwan met geweld oor te neem as deel van Sjina. Die VSA het in Augustus verlede

jaar \$1-miljard se wapens aan Taiwan goedgekeur tot ontsteltenis van Sjina. Sjina is tans besig met militêre oefeninge op see naby Taiwan. Die VSA het op sy beurt twee vliegdekskepe en vier oorlogsskepe na die gebied gestuur en het ook begin met militêre oefeninge. Die spanning is besig om op te laai.

In 2009 het Sjina met sy Band en Pad-inisiatief (Belt and Road) begin met 'n beleid om die wêreld te verander. Sjina het begin om op groot skaal sleutel-lande met finansiële hulp te ondersteun. In ruil daarvoor is strategiese ooreenkomste gesluit wat die alleenreg op sekere hawens en militêre voordele inhou. Weens die groot Sjinese mark het Sjina vir baie lande hulle grootste handelsvennoot geword. In Australië kon Sjina beheer uitoefen op die land se groot yster uitvoere en daarmee saam die land se garsproduksie opkoop. Daar is ook 'n langtermyn kontrak aangegaan wat aan Sjina beheer oor een van Australië se hawens gegee het. Soortgelyke voordele is oral in die wêreld aangegaan en sewentig lande is betrek. Regerings het stil-stil ekonomiese beheer oor hulle eie lande begin verloor.

Toe Australië eis dat die COVID-19 se loslaat op die wêreld ondersoek moet word, daag Sjina se ambassadeur op en dreig Australië deur onder andere die koop van hulle gars, wat 'n groot uitvoerprodukt is, te staak. Dit was 'n fout. Die kiesers het druk op die regering begin plaas om van Sjina ontslae te raak met openbare steun van meer as 80%.

Intussen het Indië in 'n grenskonflik met Sjina betrokke geraak by die Galwan-vallei aan die westelike Himalaya-grens. Op 16 Junie vanjaar het soldate van die twee lande mekaar met klippe en ander voorwerpe aangeval. Twintig Indiese soldate en verskeie Sjinese soldate is in die skermutseling gedood.

Indië het aangebied om Australië se gars te koop. Sjina se optrede het hulle na mekaar gedryf. Australië is tans besig om van sy Sjinese-simpatiseerders vas te vat en het besluit dat Sjina hulle nie verder sal afpers nie.

Indië het 'n verbod op die gebruik van die tientalle Sjinese rekenaar-toepassings (APP's) geplaas. Sjina het sopas vir Indië hieroor gedreig. Intussen is groot maatskappye besig om Sjina te verlaat en Indië is besig om 'n spesiale geleentheid te skep sodat hulle na Indië sal verskuif.

Die VSA beskuldig Sjina dat hulle sy tegnologie steel. Indië voel ook so. Sjina se grootste uitvoerprodukt is sy Huawei G5-tegnologie. Sjina word beskuldig dat sy tegnologie aangewend word om op ander lande te spioeneer. Intussen het Engeland besluit om nie voort te gaan met Sjina se G5-

tegnologie nie. Australië, Kanada, die VSA en lande in die EU het ook so besluit. Dit is 'n geweldige terugslag vir Sjina en kan die einde van Huawei beteken. Engeland se Konserwatiewe Party het intussen besluit om Sjinese produkte te boikot.

In Afrika het Kenia aan Sjina kennis gegee dat hulle nie meer met die groot vervoerprojek sal voortgaan nie. Veskeie van die lande in die Suid-Sjina-See het ook begin om Sjina terug te dreig. Die grootmoondhede wat by die lande in die SSS-gebied staan, sluit onder andere die VSA, Japan, Australië, Engeland en Indië in.

Die EU probeer nog op twee stoele sit, so ook Kanada. Brasilië, met die tweede grootste COVID-19 besmetting van 1,6-miljoen (65 000 sterftes) is pro-VSA, maar Sjina het intussen sy grootste handelsvennoot geword. Dié land verwag 'n negatiewe ekonomiese groei van -11.5%. Die bevolking is besig om anti-Sjina te draai en Sjina het hulle ook gedreig weens hulle negatiewe houding. Die land se president, Jair Bolsonaro, is openlik pro-VSA.

Ten slotte kan die situasie soos volg opgesom word:

Die wêreld verkeer in 'n militêre spanningsituasie soos lanklaas tevore. Lande voel bitter oor die groot aantal sterftes weens COVID-19 en ook oor die gevolge van die virus op hulle ekonomieë. Daarby is daar lande wat deur Sjina gedreig en bedreig word. Dit maak die toestand baie plofbaar.

In die BRICS-alliansie is Sjina, Rusland en Suid-Afrika aan die een kant. Aan die ander kant is Indië (wat anti-Sjina geraak het) en Brasilië. Brasilië moet kant kies, maar is pro-VSA. Rusland se steun aan een van die alliansies, kan daardie alliansie waar hy inskakel, aansienlik versterk.

Die breuk tussen Sjina en Indië maak samewerking onuithoudbaar. Dit beteken dat BRICS wat in 2006 gestig is, reeds kantore het en befonds is, se toekoms in die weegskaal is. Die jaarlikse BRICS-byeenkoms is beplan vir 3 tot 5 September vanjaar te Xiamen City in Sjina. As dit voortgaan, kan dit interessante gevolge inhou en die voortbestaan van BRICS aandui. President Donald Trump se onlangse besoek aan Indië het in elk geval dié land se ekonomiese voorkeur na die VSA verskuif.

Die Afrikaner



admin@hnp.org.za

Tel.: 079 752 4898

Redakteur:

LJ van der Schyff info@hnp.org.za

Uitleg en tegniese versorging:

Juanita Powroznik

Medewerkers:

Mnr Andries Breitenbach
Mnr Meinhard Peters.
Mnr Henk van de Graaf
Mnr Hermanus van der Schyff